

HOOFSTUK 7: JAKOB EN ESAU

1. Hulle geboorte

Net soos Abraham en Sara was daar ook 'n probleem in die huwelik van Isak en Rebekka. Isak het tot God gebid oor die belofte van 'n nageslag (die vervulling van die verbondsbelofte), want Rebekka was onvrugbaar. God het sy gebed verhoor en Rebekka het 'n tweeling gehad – Esau en Jakob.

By die wonderlike ervaring om te verwag en die kinders in jou te voel lewe, het Rebekka die besondere gevoel gehad dat die twee kinders in haar baklei. Sy het die Here gaan raadpleeg daarvoor. Die Bybel sê nie hoe sy dit gedoen het nie. Al wat die Bybel sê, is dat die Here haar geantwoord het. Rebekka het dus in noue geloofsgemeenskap met God gelewe.

Die antwoord van die Here is vir haar baie belangrik.

- Hulle was verteenwoordigers van twee verskillende volke.
- Hierdie stryd, wat 'n vyandskap sou word, sou later ook in hulle nageslag voortduur (lees Hos. 12:4). Hierdie stryd sien ook op die stryd tussen die twee se nageslagte, naamlik Israel en Edom.

Die Here se antwoord was baie duidelik: Daar is twee nasies in haar skoot. Sy het dus verstaan dat dit twee seuns is. Hulle gaan in volke ontwikkel, maar hierdie twee volke sal nie gelyk voor die Here staan nie. Die een volk sal sterker wees as die ander een, want die een sal die ander een dien. In hierdie woorde word twee oorwinnings oor die Edomiete voorspel:

- Die oorwinning van Dawid (2 Sam. 8:14; 1 Kon. 11:16; 1 Kron. 18:13)
- Die oorwinning deur Amasia (2 Kon. 14:7; 2 Kron. 25:11,12)

In die geskiedenis van Jakob en Esau kan die verkiesende genade van God duidelik gesien word (Gen. 25:20-34; 27):

- Nog voor hul geboorte het God Jakob verkies en Esau verwerp.
- God het self aan Rebekka te kenne gegee “die oudste sal die jongste dien”.
- Die Here het selfs vir haar gesê dat Hy die een liefgehad het en die ander een gehaat het (lees hieroor Rom. 9)! God het Jakob liefgehad, maar vir Esau gehaat (Mal. 1:2,3).

Hierdie stryd tussen die twee broers (die ryk van God en die ryk van die duiwel) kom tydens die geboorte van die Here Jesus weer na vore.

- Jesus kom uit die geslag van Jakob. In die geboorte van Christus verkry Israel die seën bo Edom.
- Herodes kom uit die nageslag van Esau.
- Herodes, die Edomiet, probeer die Verlosser uit die geslag van Jakob doodmaak deur middel van die kindermoord.
- Die Here beskik dit so dat Jesus buite sy hand is en bly oorleef. So ly die Edomiet weer die nederlaag.
- Esau was harig en rooi van kleur, soos sy naam ook aandui. Hy was 'n jagter en lief vir die veld.
- Jakob, wie se naam herinner aan die woord vir “hakskeen”, het by die geboorte aan sy broer se hakskeen vasgehou. Sy naam beteken “skelm”.
 - Hy wou altyd die eerste wees.
 - Hy was ook gedurende die eerste deel van sy lewe baie oneerlik.
 - Hy was rustiger van geaardheid en het graag tuis gebly.
- Isak het die meeste van Esau gehou, maar Rebekka het meer van Jakob gehou.

Ons sien dus in die openbaring dat die vyandskap tussen die twee 'n baie diep agtergrond het: God sit sy genadeverbond nie in Esau, die oudste, voort nie. Hy sit dit voort in Jakob, die jongste.

Waarom? Omdat die vrymagtige verkiesende genade van God so werk. Die vrymagtige optrede van God is baie skerp in hierdie geval: Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat (Mal. 1:2,3; Rom. 9:13)!

In Abraham se geval kan ons verstaan dat Ismael die seun van 'n slavin was en Isak die seun van Sara. Maar in Jakob en Esau se geval is altwee die seuns van dieselfde vrou! Hulle is altwee gebore op die gebed van Esau. Hulle is 'n tweeling en tog verkies God net een van hulle!

2. Die stryd om die eersgeboortereg

Soos die twee seuns opgroei, bly Jakob daarna streef om sy broer se eersgeboortereg in die hande te kry. Rebekka het dit geweet – en daarom sou Isak dit ongetwyfeld ook geweet het! Tog probeer Jakob nie wag om te sien hoe God dit vir hom gaan gee nie – hy probeer dit self in die hande kry!

Eendag het Esau moeg uit die veld gekom terwyl Jakob besig was om lensiesop te kook. Esau wou baie graag van “die rooi goed wegsluk” (Gen. 23:3). Jakob het hierin 'n geleentheid gesien om die eersgeboortereg wat hy so sterk begeer het in die hande te kry.

In die tyd van die aartsvaders het die eersgeborene 'n dubbele erfenis uit sy vader se erfgoed gekry, en het hy ná sy vader se dood die eerste plek in die stam ingeneem. In die geslag van Abraham was die grootste besit die verbondsbelofte van die besit van die land Kanaän waarin die nageslag volgens die belofte sou woon.

Jakob het van Esau se uitgeputheid misbruik gemaak om hom te dwing om sy eersgeboortereg aan hom te bemaak voordat hy hom van die sop gegee het.

- Die honger van die oomblik het Esau onverskillig gemaak vir die heilige dinge, en daarom het hy sy eersgeboortereg verkoop.
- Hierdeur het hy God en sy seën geminag en getoon dat hy geestelik onverskillig gestaan het teenoor God se verbondsbeloftes.
- Jakob weer het van ongeoorloofde middels gebruik gemaak om op eie krag die dinge in die hande te kry wat hy in die geloof van God moes afgewag het.
- Esau word hier in sy sinlikheid gesien, maar Jakob in sy sluheid.

3. Die stryd om die seën

Toe Esau veertig jaar oud was, het hy vir hom twee Hetitiese vroue geneem. Dit was 'n groot bron van kommer vir Isak en Rebekka. Die rede vir hulle kommer was duidelik:

- Esau het meer as een vrou geneem soos Lameg uit die geslag van Kaïn.
- Albei was heidense vroue.
- Daarmee het Esau die swak band tussen hom en die Here laat blyk.

Isak het, omdat hy besef het dat hy enige dag kon sterf, beplan om sy oudste seun, Esau, te seën. Jakob het probeer om hierdie seën, wat aan die eersgeboortereg verbind was, ook in die hande te kry. Rebekka het gehoor hoe Isak vir Esau vra om vir hom wildsvleis gaar te maak, en dat hy hom daarna wou seën. Sy het toe aan Jakob die voorstel gemaak dat hy hom as Esau voordoen om só die seën te verkry.

Isak was al blind en sou dit nie agterkom nie. Solank Esau in die veld was om 'n wildsbokkie te gaan skiet, het Rebekka twee bokkies geslag en gaargemaak. Sy het Jakob gehelp om Esau se klere aan te trek en die vel van die bokkies oor sy hande te trek sodat hy harig kon voorkom.

- Jakob het die gaar vleis vir Isak gebring en gemaak of hy Esau is. (Uit Genesis 41:46,47; 45:6; en 47:9 leer ons dat Jakob byna tagtig jaar oud was toe hy vir Isak mislei het!)

Isak was 60 toe die tweeling gebore is (Gen. 25:26).

Esau was 40 toe hy met die twee Hetiete getroud is (Gen26:34).

Isak het 180 jr oud geword (Gen35:28).

Jakob het 20 jr by Laban gewerk (Gen. 30:25).

Jakob het 17 jr in Egipte gelewe en. . .

Jakob het 147 jr oud geword (Gen. 47:28).

Jakob was 130 toe hy die farao ontmoet het (Gen. 47:9).

Josef was ongeveer 3 jaar oud toe Jakob weg is by Laban (Aanname)

Josef was 17 toe hy begin skape oppas het (Gen. 37:2).

Hy was 30 toe hy in die farao se diens getree het (Gen. 41:46,47).

Hy het gewerk en was in die tronk (aanname: ongeveer 2 jaar).

Verklarende Bybel noem dat Isak nog langer kon leef as 20 jaar nadat hy die seën uitgespreek het, al was hy oud en blind.

147 jaar het Jakob geword

Minus 17 – Jakob in Egipte

Minus 20 – Jakob by Laban

Minus 14 – Josef was ongeveer 3 jaar oud toe hulle weg is by Laban en hy was 17 jaar oud toe hy begin skape oppas het (17 minus 3 = 14)

Minus 2 – Josef was ongeveer 2 jaar in die tronk

Minus 9 – Vir die 7 goeie jare asook 2 van die slegte jare het Jakob nog in Bet-El omgewing gewoon = 9 jaar (7 plus 2)

Daarna het hy 17 jaar in Egipte gewoon tot sy dood.

Die som bring ons by 85 uit.

- Hoewel Isak geaarsel het, het hy tog nie gedink dat Jakob hom so skandelik sou bedrieg nie.
- Hy het Jakob toe geseën met die seëninge wat vir die eersgeborene bedoel was. Dit het ingehou dat hy die rykdom van die aarde sou ontvang, en dat hy oor sy broer sou heers.

Die fout hier was dat Isak geweet het dat Jakob die eersgeboorteseën moes kry. Die Here het dit tog duidelik vir Rebekka gesê. Jakob moes nie die seën gesteel het nie. Sy pa moes dit vanself gegee het. Later het Jakob 'n soortgelyke situasie reg hanteer toe hy Josef se kinders geseën het.

Isak was baie ontsteld toe Esau inkom en hy agterkom dat hy bedrieg is.

- Hy kon die seën wat hy oor Jakob uitgespreek het (die eersgeborene se seën!) nie meer terugneem nie.
- Toe Esau hom aanhou smeek, het hy vir hom gesê dat hy ver van die aarde se rykdom af sou wees, en dat hy sy broer sou dien.

Esau het vir Jakob gehaat oor hierdie bedrog en hy wou hom doodmaak. Rebekka het Jakob gewaarsku en hom na haar broer Laban in Haran weggestuur.

4. Jakob se stryd met homself en met God

4.1 Jakob se vlug na Laban

Die gevolge van Jakob se sonde het nie uitgebly nie (Gen. 27:41-46; 29-31). Esau het Jakob gehaat en wou hom doodmaak. Hy sou wag tot sy pa dood was, en dan sou hy Jakob doodmaak!

Sy voorneme het nie geheim gebly nie, en toe Rebekka dit agterkom, het sy Jakob dadelik laat vlug na Haran waar haar broer Laban gewoon het. Rebekka het gedink dat sy Jakob sou laat haal wanneer Esau se woede bedaar het – die feit is dat Jakob sy ma nooit weer gesien het nie (Gen. 35:27)!

Rebekka het haar planne ook met Isak bespreek.

- Maar sy het nie met hom oor Esau se haat gepraat nie.
- Sy het die feit genoem dat Esau reeds twee Hetitiese vroue geneem het, wat vir hulle as ouers baie verdriet gebring het.
- Esau het dus vir hom vrouens uit die stam van Ismael geneem (vergelyk: Gen. 26:34,35; 28:9; 36:1-3)!

Jakob, wat nou die seën ontvang het, mag nie ook dieselfde doen nie.

- Daarom het sy aan Isak voorgestel dat Jakob na Haran gaan om daar vir hom 'n vrou te kry.
- Isak het ingestem. Hy het Jakob opdrag gegee om in Haran vir hom 'n vrou te gaan haal, en hy het hom ook geseën.

4.2 Bet-El: God verskyn aan Jakob

Jakob het sy ouerhuis verlaat en soos 'n eensame balling na Haran gereis.

- Jakob het van Esau af weggevlug, en as eensame balling die nag by Lus oornag (Gen. 28:10-22; 32). Terwyl hy daar by Lus gelê het met sy kop op 'n klip as kopkussing, het die Here in 'n droom aan Jakob verskyn.
- Hy het 'n leer gesien waarvan die boonste punt aan die hemel raak. Die engele van God het op- en afgeklim met die leer.
- Die Here het by hom kom staan en die verbondsbeloftes wat Hy aan Abraham beloof het, herhaal en aan Jakob bevestig.
- God het verder aan hom beloof dat Hy hom sal beskerm waar hy ook gaan, en dat Hy hom weer na dié land sal terugbring.

Toe Jakob wakker word, was hy baie ontsteld. Die Here was by hom en hy het dit nie geweet nie.

- Die plek het vir hom 'n heiligdom geword, en hy het die plek Bet-El genoem, dit is “huis van God”.
- Hy het die klip wat as kopkussing gedien het, as 'n gedenksteen opgerig en olie daarop uitgegiet.
- Hy het beloof dat hy God sal dien en dat hy van alles 'n tiende aan God sal gee.

Jakob was bitter ontsteld, want hy het tot nou toe sonder God geleef en opgetree. Jakob het egter nog nie in volle geloofsvertroue opgetree nie. God sou hom nog in die jare daarna in die geloof oefen.

Toe God deur die droom intree in Jakob se lewe, het Hy dit nie gedoen as Bestraffer nie. Dit het God later by Pniël gedoen!

Al wat God nou gedoen het, is dat Hy vir Jakob gewys het op watter pad moet hy loop: Hy is herinner aan die verbond wat God met Abraham en Isak opgerig het.

By Paddan-Aram (dit is Haran) aangekom, het hy langs 'n put in die veld gaan sit waar die veewagters hulle kleinvee laat suip het. Hy het by hulle navraag gedoen na Laban, en net toe het Ragel, Laban se dogter, daar aangekom met haar pa se kleinvee. Hy het haar gesoen en begin huil, en haar vertel wie hy is. Ragel het dit dadelik vir Laban gaan vertel, en hy het Jakob kom haal en na sy huis toe gevat.

4.3 Jakob se verblyf by Laban

Die eerste maande het Jakob verniet vir Laban gewerk. Daarna het hy 'n ooreenkoms met hom gesluit dat hy sewe jaar lank vir Ragel, sy jongste dogter, sal werk.

- By die troue het Laban hom bedrieg en sy oudste dogter, Lea, vir Jakob gegee. Dit was die gebruik in dié tyd dat die bruid gesluierd was. Jakob het die bedrog eers die volgende môre agtergekom. Laban se verskoning was dat dit die gewoonte by hulle was dat die oudste dogter eerste in die huwelik uitgegee moes word.
- Jakob het toe vir Ragel ook gekry, maar hy moes nog sewe jaar vir haar ook werk.

Nou het Jakob sy twee vroue gehad. Hy het egter nie net by hulle kinders gehad nie – hy het ook by hulle slavinne, Bilha en Silpa, kinders gehad.

Jakob wou toe na sy eie land toe teruggaan. Laban het hom egter oorreed om nog langer te bly. Hulle het ooreengekom dat Jakob sou werk vir 'n deel van die vee-aanteel.

- Hier het Laban Jakob weer opsetlik bedrieg.
- Jakob was egter niks beter nie, want hy het op sy beurt van 'n oneerlike metode gebruik gemaak, wat by die veewagters bekend was, om meer lammers vir homself te kry (Gen. 30:37-43).
- Dit het daartoe aanleiding gegee dat Laban die ooreenkoms tussen hulle weer verander het.

4.4 Jakob se vlug van Laban

Na ses onbehaaglike jare het die Here Jakob in 'n droom beveel om terug te gaan na sy geboorteland.

- Terwyl Laban in die veld was, het Jakob stilletjies weggetrek nadat Ragel ook nog haar pa se huisgode gesteel het.
- Die huisgode is “terafim” genoem. Behalwe dat hulle by private godsdienstige plegtighede (ver van die tempel af) gebruik is, het hulle hierdie besondere betekenis gehad dat hulle die waarborg van erfregte was – dis waarom Rachel dit gesteel het!
- Dis ook waarom haar pa en haar broers dit wou terughê, want die broers was juis kwaad omdat Jakob so baie besittings gehad het!
- Jakob het al 'n groot gesin gehad toe hy uit Haran weggetrek het.
 - By **Lea** was sy kinders Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon en 'n dogter, Dina.
 - By die slavin van Lea, **Silpa**, het hy Gad en Aser gehad.
 - By Ragel se slavin **Bilha** het hy Dan en Naftali gehad.
 - By **Ragel**, wat eers lank onvrugbaar was, het hy Josef gehad, en later, terwyl hulle op pad was, ook Benjamin.

Toe Laban hoor dat Jakob vertrek het, het hy hom met wraakgedagtes agternagejaag.

- God het egter in 'n droom aan Laban verskyn en hom verbied om Jakob kwaad aan te doen.
- Toe Laban by Jakob kom, was daar eers skerp verwyte aan weerskante, maar dit het gelei tot die sluiting van 'n verbond en 'n hartlike afskeid.
- Hulle het daar 'n kliphoop as gedenkteken gepak en Jakob het dit Galed genoem, dit is “kliphoop van getuienis” (Gen. 31:45-48).

Laban was meestal vyandiggesind teenoor Jakob, wat 'n voorafskaduwing was van die latere verhouding tussen Aram en Israel. Die Aramese volk, nakomelinge van Laban en sy geslag, het Israel baie kwaad aangedoen.

4.5 Pniël: Jakob se worsteling en oorwinning

Jakob se grootste geloofsbeproeving het gebeur toe hy van Laban af weggegaan het.

- Net soos wat hy destyds by Bet-El 'n teken ontvang het toe hy op pad was na Haran toe, het hy ook nou 'n teken ontvang voordat hy Kanaän binnegetrek het.
- Die engele van God het hom kom versterk en hy het weer tot die besef gekom dat God hom beskerm. Daarom het hy die plek genoem Maganajim, dit is “twee leërs”.

Jakob het begryp dat sy ontmoeting met Esau nou sou volg.

- Hy het boodskappers na Esau gestuur om hom te verwittig van sy koms, en met hulle terugkeer het hulle Jakob meegedeel dat Esau hom tegemoet trek met vierhonderd man.
- Jakob het baie bang geword. God het dit alles gebruik om Jakob tot selfvernedering te bring.
- Jakob het 'n geskenk aan Esau gestuur, en hy het sy vee in twee troppe verdeel.
- Dié nag het hy al sy mense oor die Jabbokrivier laat gaan, terwyl hy self agtergebly het.
 - Dié nag het vir Jakob onvergeetlik geword, want wat daar gebeur het, was die keerpunt in sy lewe.
 - In sy gebed het hy God aangeroep as die God van die verbond.
 - Hy het gebid op grond van God se bevel dat hy uit Haran moes trek, en op grond van die weldade wat God uit genade aan hom bewys het.
 - Hy het gebid om verlos te word van Esau, en daarvoor gepleit op grond van God se beloftes.

'n Engel van die Here het Jakob opgesoek en met hom geworstel tot dagbreek toe. Die engel kon Jakob nie oorwin nie, en hy het hom op sy heup geslaan sodat Jakob mank geword het. Daardeur het Jakob die blywende teken gedra van hierdie worsteling.

Uit hierdie stryd het Jakob egter 'n ryk seën as beloning gekry.

- Dit was om hierdie seën dat hy geworstel het in die geloof en met die geestelike wapens van ween (berou) en gebed (kyk Hos. 12:5).
- Hy het ook 'n nuwe naam gekry, naamlik “Israel”, dit is “vors of stryder van God”, want, het die engel gesê, “jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer, en jy het dit end-uit volgehou” (Gen. 32:28).
- **Die naam “Jakob” sien op sy eie werk; die naam “Israel” sien op die geloof in God se werk.**

Tot hiertoe het menslike krag en menslike oorwegings Jakob se lewe beheers.

- By die Jabbok het hy dit prysgegee.
- Van toe af het hy sy krag in God gesoek.
- Hy het geleer dat hy die seën van God alleen deur genade kon verkry.

God het hom in die stryd gebring sodat hy kon oorwin. Nou kon hy ook met 'n geruste gemoed die bangste dag van sy lewe tegemoet gaan. As hy met God worstel sonder om ten gronde te gaan, dan sou mense hom ook nie ten gronde kon laat gaan nie. **Daarom het hy hierdie plek Pniël genoem, dit is “aangesig van God”.**

4.6 Bet-El en Pniël: Ooreenkoms en verskil

Daar is groot ooreenkoms en 'n verskil tussen Bet-El en Pniël.

- By albei plekke het God aan Jakob verskyn en hom geseën.
- Toe God by Bet-El aan Jakob verskyn het, was Jakob lydelik, passief.
 - Hy het nog steeds uit menslike oorwegings en vertroue op sy eie krag geleef.
- Na Pniël vertrou hy nie meer op menslike krag nie. Deur die geloof steun hy nie meer op eie krag

nie, maar vertrou op die belofte van die trou van God.

- Hy worstel in die geloof om die seën van die Here, en hy leer om die seën as genade te beskou.
- Hier is 'n voortgaande openbaring van God oor die betekenis van die verbond, en gepaard daarmee is daar ook 'n toenemende loutering van Jakob.
- Pniël is egter ook meer as Bet-El. Daar is wel 'n vertroostende element in die openbaring by Pniël, maar daar is ook 'n ontdekkende en vernederende element.
 - Pniël het die groot keerpunt in Jakob se lewe geword, want daar het Jakob geleer dat dit nie Esau is wat sy groot teëstander is nie. God wat hom liefhet, is Jakob (die bedrieër) se groot Teëstander.
 - By Pniël leer Jakob ook om te stry met die wapens van God. Daarom is daar by die genade en goedheid wat Jakob hier leer ken, ook selfbeskaming en vernedering.

4.7 Van Pniël af verder

Die volgende môre het die ontmoeting met Esau plaasgevind.

- Toe hulle bymekaar kom, het Esau Jakob omhels en hom gesoen. Hy het Jakob se geskenke aanvaar en toe na Seir teruggekeer.
- Jakob het nie na Isak toe getrek nie, maar as iemand wat nou self 'n aartsvader geword het, het hy hom selfstandig in Sigem gaan vestig waar hy vir hom 'n stuk grond gekoop het.

Hier het hy baie gou weer bewus geword van die gevare wat op die gelowiges wag wanneer hulle in aanraking kom met dié wat God nie vrees nie.

- Dina, die dogter van Lea, het gaan kennis maak met die meisies van die omgewing. Sigem, die seun van Gamor, het haar gegryp en haar onteer. Daarna wou hy met haar trou.
- Jakob se seuns was baie kwaad oor Sigem se daad.
 - Toe Gamor met Jakob kom onderhandel om Dina as vrou vir Sigem te kry, het Jakob se seuns daarop aangedring dat dit net toegelaat kan word as al die manne wat by Gamor was hulle laat besny.
 - Hulle het daartoe ingestem, en toe hulle baie pyn gehad het as gevolg van die besnydenis, het **Simeon** en **Levi**, twee eie broers van Dina, die Sigemiete in hul weerloosheid doodgemaak. Ook Sigem en Gamor is doodgemaak.

In hierdie geskiedenis is Jakob en sy seuns, wat die draers van die beloftes van die verbond was, nie 'n voorbeeld vir andere nie, maar tree hulle soos bedrieërs en wreedaards op.

Hierna het God Jakob beveel om na Bet-El te gaan. Toe Jakob by Bet-El kom, het hy daar 'n altaar vir die Here opgerig en die plek El-Bet-El genoem.

- Die Here het nou weer aan hom verskyn en sy beloftes aan hom hernu.
- Op sy reis hiervandaan het 'n groot seer Jakob getref: Ragel het gesterf met die geboorte van Benjamin.

Terwyl Ragel gesterf het, het sy die kindjie Ben-Oni genoem, dit beteken “seun van my smart”.

- Ragel het dit gesê omdat sy verbitter was, want nou kon sy nie meer kinders as Lea kry nie. Haar naamgewing van die seuntjie was dus 'n daad van ongeloof, verbittering en selfs haat.
- Daarom het Jakob die kind se naam dadelik verander. Hy het hom Benjamin, dit is “seun van my regterhand”, genoem.

Jakob is toe verder na Mamre by Hebron waar Isak gewoon het.

Dertien jaar later het Isak gesterf. Isak het 180 jaar oud geword. Sy twee seuns, Esau en Jakob, het

hom begrawe.